Date : July, 04 , 2010 Publication : Rapport - Sake Page Number : 1

Myn-SEB-krisis banke se baba

DEWALD VAN RENSBURG
IN JOHANNESBURG
dewald.vrensburg@sake24.com

Suid-Afrikaanse banke gaan dalk binnekort moet pa staan om die klaaglike mislukking van swart ekonomiese bemagtiging (SEB) in die plaaslike mynbedryf te probeer red.

Dié tameletjie het die afgelope week onverwags in banke se skoot geval met die bekendmaking van die regering, mynbousektor en vakbonde se strategiese dokument.

Dié dokument fokus grootliks op die ekonomiese vooruitgang van die mynbedryf, maar die bemagtigingselement in die finale dokument het die wenkbroue laat lig.

Bemagtiging is blykbaar nie in die maande lange onderhandelings tussen die betrokke partye bespreek nie.

Een party wat ten nouste by die onderhandelinge betrokke was, en op voorwaarde van anonimiteit gepraat het, het aan *Sake24* gesê hy weet nie waarvandaan die bemagtigingsklousule gekom het nie.

"Dit is nie bespreek nie," het hy gesê.

Dit was ook duidelik dat al die partye tot kort voor die bekendmaking van die dokument nie saamgestem het nie.

Sake24 het kort voor die ondertekening van die dokument gesien hoe onderhandelaars nog heftig redeneer.

Me. Susan Shabangu, minister van minerale en energie, het tydens die seremonie die skuld vir mislukte SEB in die mynbedryf grootliks op die finansiële sektor gepak.

"Daar is niks verkeerd met die substansie van ons transformasiebeleid soos in die mynbouhandves uitgestippel nie."

Volgens Shabangu lê die probleem feitlik uitsluitlik by die finansieringsmodelle wat daartoe lei dat "die werklike eienaarskap van mynbates in derdeparty-leningsooreenkomste vassit".

Sy blameer die veeleisende voorwaardes en koste wat weens risiko met SEB-lenings gepaardgaan.

Mev. Susan Shabangu, minister van minerale en energie.

Mnr. Mzolisi Diliza, uitvoerende hoof van die Kamer van Mynwese, sê die dokument probeer nie finansieringstrukture op die banke afdwing ten einde SEB in die mynbedryf te laat slaag nie.

Die nasionale tesourie sal betrokke moet raak, want dié kwessie "lê buite die bevoegdheid van die departement van mynwese, die kamer en die vakbonde", het hy aan *Sake24* gesê.

Die South African Mining Development Association (Samda), wat ontluikende swart mynbeleggers verteenwoordig, het 'n reeks navorsingstukke gelas oor transformasie in die mynbedryf:

➔ Onder die 25 top- genoteerde myngroepe is 18% van topbestuur (direksievlak) swart.

➔ 15,5% van uitvoerende senior bestuurders is swart.

➔ 27% van middelvlakbestuurders is swart.

➔ 33% van junior bestuurders is swart.

(Dié syfers sluit die land se ongenoteerde myne en eksplorasiebedryf uit waarvoor daar nie syfers beskikbaar is nie.)

Intussen het Standard Bank, Absa Capital en Nedbank Capital al drie gesê hulle kan nie kommentaar lewer oor voorstelle oor hoe banke SEB in die mynbedryf moet red voordat hulle die dokument bestudeer het nie.

Die dokument bepaal ook die volgende SEB-doelwitte:

➔ SEB-groepe moet die volle stemreg van hul belang geniet al behoort die belang tegnies aan hul finansiers.

➔ SEB-groepe moet binne die vooraf-bepaalde tydperk (2014) volle beheer van hul belange neem.

➔ SEB-vennote moet 'n deel van dividende ontvang. Die volle bedrag mag nie gebruik word om die finansiering van die belang te dek nie. (Tydens die resessie het dié inkomstestroom opgedroog wat meegebring het dat verskeie SEB-transaksies platgeval het.)

Die strategiese dokument is 'n breë bloudruk vir 'n hersiene mynbouhandves en Wet op die Ontwikkeling van Minerale- en Petroleum-hulpbronne (MPRDA).

Die handves, waaruit bemagtigingsteikens spruit, word in Augustus gewysig en die MPRDA, waaruit die mynregtestelsel spruit, vroeg volgende jaar.